**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Hersiening Nr. : 446/09

In die hersiening tussen:-

**DIE STAAT**

en

**PHEELLO SAM RATHABA**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | HANCKE, R *et* KRUGER, R |
| **UITSPRAAK DEUR:** | KRUGER, R |
| **GELEWER OP:** | 25 SEPTEMBER 2009 |

---

[1] Beskuldigde is in die streekhof skuldigbevind aan moord nadat hy skuldig gepleit het. Die streeklanddros het die beskuldigde ingevolge artikel 276(1)(h) van Wet 51 van 1977 tot korrektiewe toesig van vier jaar gevonnis en daarbenewens tot agt jaar gevangenisstraf wat vir vier jaar opgeskort is op voorwaarde dat beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan moord gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

[2] Nadat vonnis opgelê is, het die streeklanddros besef dat hy nie korrektiewe toesig van meer as drie jaar ingevolge artikel 276(1)(h) kon oplê nie en die streeklanddros vra dat die termyn van vier jaar na drie jaar verander word. Die landdros se versoek moet toegestaan word.

[3] Die vonnis word vervang met die volgende:

3.1 Die beskuldigde word ingevolge artikel 276(1)(h) van Wet 51 van 1977 gevonnis tot korrektiewe toesig van drie jaar op die voorwaardes soos uiteengesit in aanhangsel "D" by die hofstukke.

3.2 Benewens bogenoemde word beskuldigde gevonnis tot agt jaar gevangenisstraf opgeskort vir vier jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie weer skuldigbevind word aan moord gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

Hierdie vonnis word ingevolge artikel 282 van Wet 51 van 1977 geag opgelê te gewees het op 11 Junie 2009.

**A. KRUGER, R**

Ek stem saam.

**S.P.B. HANCKE, R**

/sp